



***Speurhond Willem en die wilddiewe***  
**deur**  
**Elizabeth Wasserman**

**Aktiwiteitsgids vir onderwysers en ouers**



[www.jongklomp.co.za](http://www.jongklomp.co.za)  
[www.facebook.com/NBJongklomp](https://www.facebook.com/NBJongklomp)

**Cum Laude**  
Opvoedkundige dienste BK • Educational services CC

Hierdie gids is ontwikkel deur Cum Laude Opvoedkundige Dienste.  
[cumlaudejr@gmail.com](mailto:cumlaudejr@gmail.com)

*Vir die onderwyser:*

Ons is baie bly dat u besluit het om hierdie gids van *Speurhond Willem en die wilddiewe* af te laai. Die doel van hierdie aktiwiteitsgids is om die inhoud van die boek te verlewendig asook om die nodige leesvaardighede by die leerders vas te lê.

Hierdie is die derde boek in die gewilde Speurhond-reeks. Die boeke is geskik vir graad 4- en graad 5-leerders en kan ook maklik in hoër grade gebruik word. Die vrae in die gids is gebaseer op graad 5-Huistaalvlak, maar kan maklik aangepas word na gelang van u behoeftes. Gevolglik kan u die gids as 'n *Word*-dokument aflaai en dit self aanpas – haal uit wat u nie gaan gebruik nie en voeg by wat u dink van waarde kan wees.

Laat weet ons gerus wat u daarvan dink of e-pos vir ons oulike idees wat ons in die toekoms kan byvoeg. U kan ons kontak by [cumlaudejr@gmail.com](mailto:cumlaudejr@gmail.com).

Nog 'n lekkerte van die gids is dat taalkunde deurlopend geïntegreer word.

Geniet die manewales (of eerder hondewales) van Willem!

*Oor die skrywer:*



Elizabeth Wasserman is 'n professor en hoof van die afdeling Geneeskundige Mikrobiologie van die Universiteit van Stellenbosch se Tygerberg-kampus.

Sy is ook die skrywer van *Meerkatrestaurant* (LAPA, 2009). Haar eerste Speurhond Willem-storie is uitgedink en geskryf op vliegtuie, treine en kafeetafels gedurende twee Europese studiereise in 2008.

Hierna volg nog twee Speurhond Willem-avonture in 2011, met 'n vierde wat vroeg in 2012 verskyn het. Willem, 'n swart-en-wit spanjoel, woon regtig by Elizabeth en haar gesin in Welgedacht, naby Kaapstad.

## Hoofstuk 1: Planne

### Opsomming:

Adriaan word na skool verras met sy gunsteling middagete - 'n hamburger en aartappelskyfies. Daar's ewe blommetjies op die tafel. Sy ma is besonder vriendelik. Sy raas nie oor huiswerk of klere wat rondlê nie. Hy raak agterdogtig. Iets is fout.

Hy is baie opgewonde wanneer sy ma hom inlig dat sy pa op 'n sakereis na Europa gaan en dat sy hom gaan vergesel. Adriaan moet gevolglik vir 'n week of wat by sy tannie Lolla op die plaas gaan bly. Dit is toe glad nie vir hom so erg as wat hy gedink het nie. Inteendeel.

### Vrae:

1. Lees die opsomming op die agterblad. Wat is die naam van die verteller in die verhaal. (1)
2. Watter sin sê vir ons dat 'n hamburger en aartappelskyfies nie gereeld op die tafel verskyn nie? (1)
3. Haal die frase aan wat vir ons sê dat die verteller se ma in 'n lawwe, opgewekte bui was. (1)
4. Wat is die kleur van Willem se pels? (1)
5. As jou ma jou op 'n dag so onverwags verras as jy van die skool af kom, watter redes sou jy daarvoor kon aanvoer? Noem een rede. (1)
6. Kits beteken vinnig. Kitskos is dus etes wat vinnig bekom kan word. Wat noem ek 'n bank waar ek vinnig geld kan trek? Kan jy aan nog 'n voorbeeld dink? (2)
7. Die woord *horriepiep* is 'n nuutskepping: horries+piep=horriepiep. Om die horriepiep te kry, beteken om baie kwaad te word. Kan jy aan een rede dink waarom jou ma die horriepiep sal kry? (1)

## Hoofstuk 2: My tannie Lolla

### Opsomming

Adriaan was nog net een keer, toe hy baie klein was, op tannie Lolla se plaas. Sy boer stoksielalleen op die yslike, afgeleë plaas op die wal van die Limpoporivier. Willem, sy bedorwe stadshond, kry toestemming om saam te gaan. Daar is baie diere, onder andere Poen die plaashond. Adriaan droom al van die plaas, maar moet eers 'n Aardrykskunde toets skryf. Hy kan nie wag vir die plaasvakansie nie.

### Vrae:

1. By wie sal jy graag wil gaan bly as jou ouers vir sake oorsee moet gaan. Wat is die rede vir jou keuse?(1)
2. Hoekom dink jy sal Adriaan liever 'n ry koeldrankblikkies as 'n bok skiet? (1)
3. Van hoeveel verskillende soorte plaasdiere lees ons in hoofstuk 2? (1)
4. In paragraaf 11 lees ons: "...haar suster kan gerus vir 'n slag opgeskeep sit met so 'n bedorwe stadshond."  
Watter een van die volgende betekenisse verklaar die onderstreepte gedeelte? (1)
  - a) Willem gaan 'n plesier wees en maklik om tevrede te stel.
  - b) Willem gaan 'n las wees en moeilik om tevrede te stel.
5. In die 17de reël op bladsy 17 snork Willem met 'n "Gmf!".  
Watter een van die volgende emosies kon in dié geval so 'n reaksie uitlok? (1)
  - a) vrees
  - b) jaloesie
  - c) minderwaardigheid

### Hoofstuk 3: Bo in die lug

#### Opsomming:

Adriaan se eerste vlug na tannie Lolla se plaas is in 'n Boeing 737 Johannesburg toe. Willem reis in 'n draadhok in die bagasieruim. Tannie Lolla, in haar tradisionele Bosveld plaas-uitrusting, ontmoet hom in die lughawegebou. Sy gryp hom aan die arms, lig hom hoog bo haar kop en swaai hom in die rondte. Tannie Lolla beduie na die tweede fase van die reis. Adriaan en Willem gaan aan boord van tannie Lolla se klein, geel koekblik vliegtuig. Hulle styg tot bokant die wolke - beide gespanne. Albei word onkant betrap toe Poen se swart snoet verskyn en Poen nie 'n hond is nie, maar 'n ratel!

#### Vrae:

1. Wat dink jy is 'n dier se grootste vrees as hy/sy in 'n draadhok in die bagasieruim van 'n vliegtuig vervoer word? (1)
2. Ek dink dis wreed om 'n dier saam met die bagasie, op die bagasieband van alle dinge, te laai. Hoe voel jy daaroor? Kan jy aan 'n beter reëling dink wat meer diervriendelik sal wees? (1)
3. Wanneer ons twee goed met mekaar vergelyk, gebruik ons die woord "soos" en ons noem dit 'n vergelyking. Daar is heelwat vergelykings in hoofstuk 3.
  - 3.1) Waarmee vergelyk tannie Lolla vir Willem?(Bl.21) (1)
  - 3.2) Waarmee vergelyk Adriaan tannie Lolla se vliegtuig?(Bl.22) (1)
  - 3.3) Waarmee vergelyk Adriaan die groot wit wolke?(Bl.25) (1)
4. Watter onaangename verrassing het op Willem, in tannie Lolla se vliegtuig, gewag? (1)
5. Hoe voel jy as grootmense jou behandel asof jy baie klein is. Dink aan Adriaan se tannie wat hom bo haar kop opgetel en in die lug rondgeswaai het. (1)

### Hoofstuk 4: Die Bosveld is nie speletjies nie

#### Opsomming:

Hoog bo die aarde maak Adriaan en Willem nader kennis met Poen, die ratel, en kom agter dat hy nie so onaardig is nie. Tannie Lolla gee vir Adriaan 'n beurt om die stuurstok te hanteer. Die landskap raak geleidelik wilder en meer ongerep. Adriaan sien 'n trop olifante. Tannie Lolla loer in die rigting na waar sy bewende vinger wys en besef dat Jan Hendrikse se beeste deur 'n afgeknipte heining op haar plaas kom wei het. Sy vertel dat hulle die afgelope paar maande las het van wilddiewe wat die renosters teiken. Tannie Lolla besluit om te land. Sy het haar voorgeneem om die wilddiewe vas te trek - en hulle gaan spyt wees!

#### Vrae:

1. Noem 2 eienskappe van 'n ratel. (2)
2. 'n Hele klomp olifante bymekaar noem ons 'n \_\_\_\_\_ olifante. (1)
3. Wat het tannie Lolla met 'n skok ontdek toe sy vir 'n paar oomblikke uit die lug oor haar plaas gekyk het?(1)
4. Watter woord gebruik tannie Lolla wat in die storie 'n sinoniem (woord met dieselfde betekenis) is vir wilddiewe? (1)
5. Hoekom is die wilddiewe so agter die renosters aan? (1)
6. Hoekom het tannie Lolla vir Adriaan gelag en hom 'n stadsjapie genoem? (1)
7. Teken 'n toebroodjie waarvan Willem meer gaan hou as van tannie Lolla s'n. Gee drie byskrifte. (3)

## Hoofstuk 5: Ben

### Opsomming:

Die geel vliegtuigie land op 'n breë stuk grond waar die volstruise vooruit hardloop. 'n Kort, bruingebrande, geplooië mannetjie, Xi, alias Ben, wag vir hulle in 'n bakkie. Hy is baie vriendelik en lag lekker vir Willem. Arme Willem! Tannie Lolla besluit om die gereedskapskas in die bakkie te neem en voet te slaan tot waar sy die heining gaan reg maak. Ben kry opdrag om die bakkie te vat en te gaan kyk of hulle die wilddiewe gewaar. Adriaan se tas word agterop die bakkie gegooi en dan Willem. Die Bosveld is nie vir sissies nie.

### Vrae:

1. Beskryf die landingstrook by tannie Lolla se huis. (2)
2. Tannie Lolla is 'n woordskepper in eie reg. Hoe noem sy die volstruise? Dink aan nog 'n naam wat jy hul kan gee. (2)
3. Noem die naam van 'n boomsoort uit die Bosveldomgewing. (1)
4. Kan jy met Willem identifiseer wanneer mense hom spot en vir hom lag? Vertel van een insident. (1)
5. Kies uit die volgende lys van byvoeglike naamwoorde, drie woorde wat die beste by Ben pas.  
*lomp; vriendelik; onbeholpe; bygelowig; ongeduldig; bleek; rats; hakkelaar.* (3)
6. Gee 'n sinoniem (woord met dieselfde betekenis) vir die onderstreepte woord in die volgende sin.  
Adriaan wou eers weier dat Willem agterop die bakkie ry. (Bl.37) (1)

## Hoofstuk 6: Spoorsny

### Opsomming:

Ben jaag wild deur die veld. Hy ruk meteens tot stilstand. Ben sê dat hulle moet afklim en die spoor volg. Hy gryp die geweer en draf gebukkend so 'n entjie deur die veld. Hy sien eers die spore van 'n bok en dan die bloedspoor van 'n renoster. Willem laat van hom hoor en Adriaan besef dat hy hom op die bakkie vergeet het. Hy draai om hom te gaan haal. Willem is bang vir die leeus en Adriaan tel hom op. Vlakvarke en 'n rooipootfisant trek hulle aandag. Ben is al bietjie vooruit en beduie dat hulle moet terugstaan en stilbly. Skielik hoor hulle mense praat. Dit is twee wilddiewe. Hulle is deeglik gewapen. Meteens bars 'n groot grys oorlogstenk met 'n geweldige dreuning deur die groen doringbos. Die beseerde renoster is woedend en storm blindweg af op die wilddiewe. 'n Nuwe gedreun trek hul aandag. Dis 'n blou helikopter wat blitsig uit die blou lug afsak. Die renoster steek vas. Hy is totaal verward. Hy swaai om en storm af op Adriaan. Ben vlieg deur die lug en duik hom plat, en toe raak alles swart om hom.

### Vrae:

1. Verduidelik in jou eie woorde wat *spoorsny* beteken. (1)
2. Wat noem ek die spieëltjie waarin ek kyk wanneer ek agter my wil sien? (1)
3. Watter diere se sterte lyk soos antennas? (1)
4. Watter tipe voertuie en wapens het die wilddiewe gebruik om die renosters te vang? (4)
5. Hoekom was die renoster so verskriklik kwaad vir die wilddiewe? (1)
6. Hoekom was Adriaan se lewe meteens in baie groot gevaar? (1)
7. Wat beteken "en dan raak alles swart rondom my"? (1)

## Hoofstuk 7: Waar is Willem?

### Opsomming:

Onder 'n growwe lappieskombers word Willem stadig wakker met die reuk van koffie in die lug. Tannie Lolla bring vir hom 'n oorlaaide skinkbord en hulle gesels oor die vorige dag se gebeure. Adriaan onthou wat gebeur het en besef skielik dat Willem weg is. Die gedagte maak hom vreesbevange en toe tannie Lolla haar arm om hom sit en hom vasdruk, het hy lekker gehuil. Tannie Lolla troos dat Poen en Ben hom gaan soek het en dat Willem in elk geval 'n baie slim hond is wat sou weet om weg te kruip vir gevaar. Adriaan se vrees word bewaarheid toe Poen en Ben onsuksesvol by die huis aankom. Skielik lui die telefoon. Iemand wil met Adriaan praat. Tot sy verbasing is dit Willem. Hy is in die moeilikheid en hy soek hulp.

### Vrae:

1. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n lappieskombers is.(1)
2. Watter idioom op bl. 47 sê vir jou dat Adriaan baie vas geslaap het?(1)
3. Dis nie net meisies wat huil nie; seuns mag ook huil. Hoe voel jy oor hierdie stelling?(1)
4. Het jy al rede gehad om hartseer te wees en lekker te huil? Vertel in 5 sinne waarom jy so hartseer was.(2)

## Hoofstuk 8: Koffie by die buurman

### Opsomming:

Tannie Lolla, Adriaan, Poen en Ben is op pad om die gewonde renoster te gaan soek. In die ryery vertel Adriaan dat Willem 'n afgetrede lid van die Internasionale speurdiens is en dat hy vroeër met Hoofkommissaris Servin, hoof van die Internasionale speurdiens se smokkelafdeling, gepraat het. Willem het tydens die renosterstropery in die helikopter gespring en so vasgestel dat die buurman, Hendrikse, kop in een mus met die wilddiewe is. Die helikopter is in die skuur op sy plaas weggesteek. Tannie Lolla stop die motor. Adriaan swaai die hek na die buurman se plaas oop en hul ry om by hom te gaan koffie drink. Daar aangekom, maak Adriaan of hy die toilet dringend nodig het. Sy plan was natuurlik om, teen oom Hendrikse se wil, bietjie in die huis rond te snuffel.

### Vrae:

1. 'n Persoon wat besluit om nie meer langer te werk nie, tree af. Die persoon het afgetree. Ons kan dus praat van 'n afgetrede onderwyser of soos in Willem se geval, 'n afgetrede speurder. Ons maak van die werkwoord 'n byvoeglike naamwoord.  
Gee nou die regte vorm van die woorde tussen die hakies: (2)  
a) Hulle het na die (gewond) renoster gaan soek.  
b) Die buurman het (vraatsug) koeie. Gebruik jou woordeboek en korreger tannie Lolla se "vraatsige".
2. Wat word 'n groep ondernemings, wat saamstaan om 'n gemeenskaplike plan uit te voer, genoem?  
'n s\_\_d\_\_\_\_t (1)
3. 'n Hond is 'n mens se beste vriend. Stem jy saam met hierdie stelling? Gee twee redes vir jou antwoord.(2)
4. Adriaan beplan om in Jan Hendrikse se huis te gaan rondsnuffel. Skryf 5 sinne wat op die laaste paragraaf van hoofstuk 8 kan volg. (5)

## Hoofstuk 9: 'n Ongewenste ontmoeting

### Opsomming:

Adriaan is opsoek na Willem. Hy loop verby die badkamer in Jan Hendrikse se huis na die agterkant van die huis. By die derde deur steek hy vas toe hy stemme hoor praat. Hy herken die knoffelreuk en die stem van die aartsboef Swiffervalk. Hy luister met sy oor teen die deur en hoor hoe hulle weer 'n helikopter aanval op die renosters beplan. Skielik druk iemand sy mond toe en sy arms word teen sy lyf vasgepen. Die buurman se stem sis in sy oor. Swiffervalk lewer ook kommentaar. Hulle bind Adriaan se hande agter sy rug vas, stop sy mond toe, gooi hom hardhandig in die hoek van die linnekas en sluit die deur. Die lig word afgeskakel. Dis pikdonker.

### Vrae:

1. Wat dink jy is die 2 belangrikste redes waarom renosters beskerm moet word teen wilddiewe? (2)
2. Hoe voel jy nadat jy hoofstuk 9 gelees het? (1)
3. Noem 2 ander tipes emosie wat mense kan ervaar wanneer hulle die hoofstuk lees. (2)

## Hoofstuk 10: Moeilikheid

### Opsomming:

Adriaan is uiters ongemaklik in die linnekas. Hy dink aan die wilddiewe en die helikopter en raak van moedeloosheid aan die slaap. Hy word wakker van 'n warm tong wat teen sy wang lek. Dis Willem! Hy help Adriaan om los te kom en die twee bespreek die situasie. Met Brummel agter tralies het Swiffervalk weer opgang gemaak in die boewewêreld. Servin het snuf in die neus gekry en vermoed dat hy uit Afrika opereer. Vandaar die telefoonoproep.

Willem is beslis nog nie afgetree nie; daar's al weer werk wat wag!

### Vrae:

1. Skryf 5 woorde neer wat in jou kop kom wanneer jy die woord moeilikheid hoor of sien. (5)
2. Wat is die ergste moeilikheid waarin jy al beland het? Hoe vergelyk dit met Adriaan se probleme? (2)

## Hoofstuk 11: Sabotasie

### Opsomming:

Adriaan was 'n hele rukkie in die kas vasgekeer. Buite het die son al begin sak. Die stoep en die werf is verlate, almal is weg. Die feit dat bloeddorstige Bloedhond Brits een van die rowers is, vererger die situasie. Adriaan en Willem besluit om eers die helikopter op te spoor. Willem het 'n goeie neus en snuif sy pad in die regte rigting. Hulle sien in die verte 'n windpomp en 'n groot sinkskuur afgeëts teen die ondergaande son. Dit was stikdonker toe hulle by die toegesluite skuur aankom. Willem breek 'n ruit waardeur hulle klim en hy snuffel 'n flits uit. Binne in die skuur vind hulle die helikopter onder 'n seil toegemaak. Die oomblik vir sabotasie het aangebreek. Willem kruip onder die seil in, vind die rubberpypie wat vir die petroltoevoer verantwoordelik is, skroef die klemmetjie om die pypie los, stop die pypie met 'n klippie of iets toe en skroef weer die klemmetjie vas. Die petroltoevoer na die enjin is geblokkeer. Operasie sabotasie was suksesvol afgehandel.

Vrae:

1. Wat beteken die woord *sabotasie*? (1)  
Adriaan en Willem was verantwoordelik vir die **sabotasie** van die wilddiewe se plan om met die helikopter die renosters uit die lug te skiet.  
Die woord **sabotasie** is in die bostaande sin 'n *abstrakte selfstandige naamwoord*.
2. Adriaan en Willem het die diewe se planne *gesaboteer*.  
Watter woordsoort is **saboteer** in die bostaande sin? (1)
3. Adriaan en Willem is *saboteurs*.  
Watter woordsoort is **saboteurs** in die bostaande sin? (1)
4. In watter rigting (Noord of Suid of Oos of Wes) het Willem en Adriaan beweeg om by die skuur uit te kom?  
Hoe weet jy dit? (1)
5. Voltooi die volgende sin deur die mees korrekte vergelyking in te vul.  
Om 'n helikopterenjin se petroltoevoer te blokkeer, is soos om 'n mens se ..... (1)

## Hoofstuk 12: Onder die sterre

*Opsomming:*

Willem het die helikopter weer onder die seil toegemaak en speel met die flitslig oor 'n stapel olifanttande en luiperdvelle wat in die skuur lê. Tussen die ander donker voorwerpe ontdek hulle 'n krat met 7 renosterhorings! Hulle besluit dat die beste sal wees om eers seker te maak of tannie Lolla op die plaas is of nie. Hulle begin voetslaan. Willem het duidelik nie in Engeland van die Bosveld geleer nie, hy is senuagtig. Allerhande dieregeluide, van paddakore tot laggende hiënas, vul die omgewing. Die hiënas en 'n fluitende tokkelossie volg hulle. By die plaas is dit stikdonker. Die krag is afgesny en daar is geen teken van haar nie. Willem het 'n kers uitgesnuffel en gaan soek kos in die yskas. Albei is dood van die honger. Kos het lanklaas so lekker gesmaak.

Vrae:

1. Hoeveel renosters word in die volgende Swiffervalk aanval geteiken om die bestelling van tien horings af te handel? (1)
2. Waarvoor gebruik renosters hulle horings? Noem twee funksies. (2)
3. Noem 4 interessante feite wat jy in hoofstuk 12 kon raaklees oor hiënas. (4)
4. Adriaan het 'n mondfluitjie uit sy sak gehaal. Hoekom sou Adriaan 'n mondfluitjie saam met hom dra? Hoe kan 'n mondfluitjie mens help? (2)
5. Was dit regtig 'n tokkelossie wat besig was om hulle te agtervolg? Wat anders kon dit wees? (1)



## Hoofstuk 13: Op die spoor van die jagters

### Opsomming:

Adriaan en Willem word wakker op die rusbank in tannie Lolla se huis. Willem ontdek 'n brief van tannie Lolla aan Adriaan op 'n tafeltjie in die gang. In die brief waarsku sy hulle teen die gevaarlike wilddiewe en raai hulle aan om uit hulle pad uit te bly. Poen daag ook daar op en sê in rateltaal dat hulle moet help. Ben is by die gewonde renoster en die ander wilddiewe is op die renosterbul se spoor. Met 'n paar beskuite, 'n fles water in die sak, die flits, 'n verkyker, 'n glad gepoleerde geweer en 'n veldhoed op die kop, is Adriaan gereed vir aksie. Willem kry ook 'n veldhoed, met 'n bandjie wat onder die ken knoop. Wie sal kan raai dat dié twee stadsjapies is?

### Vrae:

Jy wil 'n webwerf begin waar jy mense nooi om betrokke te raak by 'n projek wat gefokus sal wees op die bewusmaking, beskerming en bewaring van renosters.

Doen die volgende beplanning vir jou webwerf:

1. Wat is die naam van jou webwerf
2. Wat wil jy met die webwerf bereik, m.a.w. wat is jou doelstellings? Noem 5 doelstellings.
3. Watter tipe mense sal graag betrokke wil raak by jou projek? Noem 3 belangrike eienskappe.
4. Ontwerp 'n embleem vir jou webwerf.

## Hoofstuk 14: Die diere in die bos

### Opsomming:

Adriaan, Willem en Poen stap deur die ruie, groen Bosveld waar die sonbesies skreeu. Meteens is daar drie vet, uitgevrete leeus kort voor hulle. Adriaan is doodbang as hy die geel, starende oë van die leeu sien. Adriaan-hulle slaag daarin om bang-bang verby die leeus te beweeg. Poen stap voor met die doel om voor die wilddiewe by die bedreigde renosterbul uit te kom. Skielik sien Willem 'n klawervormige voetspoor - die renosterbul s'n. Hy kyk deur sy verkyker en sien krokodille op die sandbanke en hoor 'n laggende seekoei. Poen se skerp ratel-oë het iets anders bespeur. Adriaan kyk deur die verkyker. Tussen die bosse glim die son op 'n geweerloop. Bloedhond Brits en sy handlanger smelt saam met die bosse, maar die sterk verkyker volg hulle. 'n Paar honderd meter verder sien Adriaan 'n yslike renosterbul wat in die rigting van die rivier beweeg. Die wilddiewe kan hom vaskeer. Adriaan wil-wil moed verloor, maar Willem verseker hom dat sy plan, om die renosterbul te red, gaan werk.

### Vrae:

1. Voltooi die volgende sinne deur die teenoorgestelde betekenis van die onderstreepte woorde in te vul.(6)
  - a) My katjie is anders as Willem, bietjie ondergewig, want sy eet baie min. Willem is \_\_\_\_\_, want hy eet te veel.
  - b) Willem is berug onder die wilddiewe, maar as hy die wilddiewe gaan vang gaan hy \_\_\_\_\_ wees onder alle natuurbewaarders.
  - c) Drie vet leeus het in die lang gras gerol, terwyl drie \_\_\_\_\_ bakkies verkies het om oor die \_\_\_\_\_ gras te vlug.
  - d) Die wilddiewe is ervare jagters, maar Willem en Adriaan is \_\_\_\_\_ jagters.

e) 'n Amateurspeurder is iemand wat dit doen net oor hy dit baie geniet, maar 'n \_\_\_\_\_ speurder doen dit om geld te verdien.

2. Wat beteken die woord territoriaal?(Bl.90 laaste paragraaf.) (1)

3. Watter sin op bl. 92 sê vir ons dat Bloedhond Brits en sy manne goed gekamoefleer was? (1)

4. Noem twee woorde in die leesstuk wat vir jou onbekend en moeilik was? (2)

## Hoofstuk 15: Konfrontasie

### *Opsomming:*

Willem se oplossing klink nou wel te goed om waar te wees, maar dit is immers die enigste oplossing. Bult-af kry Adriaan 'n miershoop. Hy is vermom 'n stok met 'n hoed dat dit soos 'n man agter die miershoop lyk en balanseer die jaggeweer teen die walletjie dat die loop skuins uitsteek. Hy gaan soek 'n wegkruipplek.

Oomblikke later is daar 'n geklap van skote en die wilddief en sy handlanger kom skreeuend in die wildspad afgehardloop. 'n Leeu is glo agter hulle aan. Adriaan spring in die pad en stop hulle en Willem gebied hulle om hulle wapens neer te gooi en hande in die lug te steek. Die wilddief wou nog 'n streek uithaal, toe Poen hom aan sy sitvlak beetkry. Intussen het Ben agter die geweerloop ingeskuif. Die wilddief en sy handlanger moes oorgee. Ben het besluit om hulle onder beheer te hou terwyl Adriaan en Willem vir tannie Lolla op die buurplaas gaan soek. Die leeuwyfie het ook maar besluit dat dit beter is om te verdwyn.

### *Vrae/Opdrag:*

Som die hoofstuk op in 'n 8-strokies strokiesverhaal. (Wenk: Verdeel 'n A4 bladsy in 8 gelyke blokke.)

Jy mag spraakborrels en/of onderskrifte gebruik. Vervang die titel, "Konfrontasie", met 'n woord of woorde met 'n sinonieme betekenis.

## Hoofstuk 16: Ek leer bestuur

### *Opsomming:*

Ben jaag Adriaan aan en sê hy moet met die bakkie ry om so vinnig moontlik by tannie Lolla te kom. Adriaan kan nie bestuur nie, maar tussen hom en Willem ry hulle dat die klippe spat; Adriaan agter die stuur en Willem by die pedale. Voor Jan Hendrikse se plaashuis doen Adriaan 'n handremstop. Swiffervalk se Duitse motor staan ook daar. Skielik is daar 'n geskree. Dis Swiffervalk met tannie Lolla, met 'n kiere in die hand, op sy hakke. Hy spring in sy motor, klap die deur toe en jaag weg soos 'n vetgesmeerde blits. Tannie Lolla sien vir Adriaan en Willem en vat self die stuur van die motor. Dit is nie moeilik om Swiffervalk in te haal nie, aangesien hy hom met die Klein Krokodilrivier misgis het en in die middel van die drif beland het en spoedig bo-op die motor se dak gestaan het, omring deur krokodille!

Tannie Lolla draai haar bakkie om die Servin-man te gaan soek om te help.

Swiffervalk bly aan die krokodille se genade oorgelaat.

### *Vrae:*

1. Dink aan 'n ander gepaste titel vir hierdie hoofstuk. (1)

2. Wat wil jy hê moet verder met Swiffervalk gebeur? (1)

3. Maak 'n sin met elk van die volgende woorde. Die sinne moet van toepassing wees op die storie en moet in chronologiese volgorde wees. (8)

***Bakkie; bestuur; pedale; handrem; kiere; drif; krokodille; hulp***

### **Hoofstuk 17: Die einde van die wilddiewe**

#### *Opsomming:*

Willem en Adriaan het beslis 'n groot rol gespeel om die wilddiewe aan die pen te laat ry. Die Internasionale Speurdiens gaan 'n groot klomp arrestasies maak. Jan Hendrikse staar 'n lang tronkstraf in die gesig. Die howe tree streng op teen oortreders van hierdie ernstige misdaad. Bloedhond Brits en sy handlanger is ook vasgevat. Dié grootwildjagter gaan seer sit op die harde tronkstoele, daarvan het Poen seker gemaak. Swiffervalk was so bang vir die krokodille dat hy, in ruil vir hulp om van die dak af en uit die drif te kom, al die name van sy smokkelkontakte vir Hoofkommissaris Servin gegee het.

Adriaan se ma kuier nog in Europa. Intussen geniet hy dit om elke dag meer en meer te leer oor die lewe in die Bosveld. Poen en Willem het vrede met mekaar gemaak, maar vir 'n stadshond bly die plaaslewe soms bietjie vervelig.

#### *Vrae:*

1. Jy is 'n boekeresensent en skryf gereeld in die BIP(Boeke Is Pret)-kolom. Skryf nou jou resensie oor *Speurhond Willem en die wilddiewe*.(10 reëls)
2. Gaan soek aktuele nuus oor renosterstropery en bring dit klas toe. Hou die dagblaai en tydskrifte dop vir inligting. Bespreek onder andere wat gedoen kan word om renosterstropery stop te sit en hoekom dit belangrik is.